KAT
jou **visie** ons **missie** · your **vision** our **mission**
BULLETIN
KOVSIE-ALUMNI TRUST
UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA
ALUMNI
Uitgawe | Issue 8 2017

# Prof. Nico (Iep) du Plessis: *Vrystaat-adel*

***Deur Willem Theron***

Wie het hom ooit sonder ’n glimlag gesien? “Welkom Maatjie!”, was sy hartlike groet as ek by hulle in Bloemfontein stop.

“Watse gastehuisstorie is dit met jou? Nee man, jy slaap net hier!”, die gasvrye opdrag.

Was daar ooit ’n Vrystater met minder vyande as hy? Ek twyfel. Het Grey, Shimlas en die Cheetahs al ooit ’n meer lojale ondersteuner gehad? Saterdag na Saterdag op sy pos langs die veld.

As medestigter van die Kovsie-Alumni Trust 21 jaar gelede het hy as trustee tot in sy middel sewentigs toegesien dat honderde studente die voordeel van ’n studiebeurs kon kry. Nagte om het hy gesit met duisende antwoordstelle van sy geliefde Wêreldkennisolimpiade waarmee hy soveel jong mense se kennis en begrip van die wêreld verruim het. Sy trots was sy mooi familie, sy oudskoliere en oudstudente wat die wêreld deur diens lewer met die kennis en lewenslesse waarmee hy hulle toegerus het. In sy laaste maande is hy met deernis bygestaan deur medici vir wie hy op skool wiskunde gegee het.


Prof Nico het nie soos die meeste ander afgetredenes op die stoep gaan sit ná sy aftrede nie. Nee, toe was hy éérs besig. Die algemene kennis-olimpiade wat hy jare gelede begin het was ’n passie en ’n roeping vir hom. Enige tyd van die jaar was daar in sy studeerkamer duisende vrae- of antwoordstelle wat hy met die hulp van net een persoon, sy dierbare Veronica, óf versend óf gemerk het. Heeljaar het hy berigte uit die koerant geknip wat hy as potensiële vrae gebêre het. Nee kyk, hy het geglo ’n kind wat nie weet wat in die wêreld aangaan nie, bly dom en onafgerond en hy sou iets daaraan doen. En hy het! Verder het hy ook talle wiskundehandboeke vir sukkelaars soos ek geskryf en bordspeletjies ontwerp waarmee kinders lief gemaak is vir wiskunde.

Vir ons by die Trust was Prof Nico (of “Iep”) soos baie van veral die ouer garde hom geken het, nie net deel van die span trustees nie, maar in alle opsigte ’n vader. Altyd op sy pos en deur al die jare het hy selde ’n vergadering gemis. Altyd netjies en met daardie breë spesiale Iep-glimlag. Nooit ’n harde woord by ’n vergadering nie. Nie té spraaksaam nie, maar as hy gepraat het het almal na sy wyse insette geluister, tesame met Regter Faan Hancke, die institusionele geheue van die Trust, wat ons kon terugvat in die geskiedenis as ons ’n probleem moes oorkom. Altyd aan die dink met nuwe planne, soos byvoorbeeld sy idee van ’n Kovsiedag wat elke jaar moes saamval met nasionale Loslitdag of Lentedag by die UV, of eenvormige hemde vir die trustees, of ’n vereringsfunksie vir Kovsies se sportlegendes daar in 2007.

Selfs nadat hy nie meer voorsitter was nie, was hy altyd die een wat ek opgewonde eerste gebel het as ons sukses behaal het of ’n nuwe Diamantdonateur op die wa gekry het. Eerste, omdat ek geweet het hy sou altyd entoesiasties so ’n sukses saam met my vier.

“ Sjoe ou maatjie, daai’s ’n mooi een!”

Toe ek daar in die beginjare my eie motor voos gery het in my omswerwinge deur die land, was hy die een wat na een van sy oudskoliere in die motorhandel gegaan het en vir my ’n geborgde ryding bekom het.



***Wyle Prof Nico du Plessis***

Vir my word sy toewyding aan die Trust die beste geïllustreer deur ’n laaste besoekie aan hom in die hospitaal. Hy was aan die slaap toe ek van Pretoria af daar aankom. Toe hy sy oë oopmaak was sy eerste woorde: “Is jy hier vir die vergadering?” En toe iets wat ek altyd in my toekomstige omswerwinge sal saamneem: “Jy sal sien, dinge sal nou beter gaan. Jou werk gaan nou makliker wees.” Uit ’n sterfbed nog altyd die optimis en vader wat ander bemoedig.

Vir my ’n mentor, dierbare vriend, ’n ekstra pa wat sy hand oor my gehou het, ’n ouboet en die beste voorbeeld van alles wat goed is in die Vrystaat en sy mense. Vrystaat-adel. Nico du Plessis ons eer jou. Rus sag ou vriend!



# New Rector shares his Vision for the UFS with Alumni

The new Rector and Vice-Chancellor of the University of the Free State (UFS), recently shared his vision for the University with Kovsie Alumni Trust (KAT) trustees and donors at a function organised by the Department of Institutional Advancement.

At the event, the Rector thanked the alumni for their support and spoke about the pillars on which his vision was built, namely excellence, inclusivity and diversity, and innovation. Prof. Petersen invited alumni individually and collectively to work with him and his colleagues to achieve his vision.

When asked whether alumni still have a role to play at their alma mater, Prof. Petersen said that the UFS could continue to benefit from alumni skills and experience. He said alumni are role models for current students and are often well placed to offer practical support to students as they start their careers.

“Our alumni are our ambassadors,” he said. “They take their knowledge of our institution to their home towns and countries and into their professional networks nationally and internationally. Therefore it is important to maintain a positive relationship with our alumni so that the messages they share about our institution will also be positive and current.”

Prof. Petersen believes that the University can also play an important role in supporting the careers of alumni through facilitating social and professional networks and providing access to on-campus expertise and facilities.

Regarding the important aspect of financial support, Prof. Petersen said those with university degrees know the positive difference tertiary qualifications make to a person’s life, as well as the lives of their families. However, today’s challenging economic and social circumstances mean many students simply cannot afford to go to university. By supporting the UFS, alumni has an opportunity to literally change someone’s life - to give a deserving student an opportunity to realise his or her life goals and become a productive member of society.

# **Johan Botha:** KAT se eerste bemarker onthou...



*Johan Botha: KAT se Eerste Bemarker*

Johan Botha was een van die sleutelrolspelers in die Kovsie-Alumni Trust se beginjare.

Ná sy aanstelling as Ontwikkelingsbestuurder by die destydse UV Skakelburo met die opdrag van fondsinsameling vir die UV Ontwikkelingstrust, het dit gou geblyk dat oud-Kovsies 'n finansiële bydrae wou maak waaroor hulle mede-eienaarskap wou hê. Daaruit is die Kovsie-Alumni Trust gebore en Johan het letterlik die land deurkruis om skenkings vir die nuwe Trust te werf.

Johan verduidelik dat die Trust as beginpunt 300 stigtersdonateurs gewerf het, wat elkeen 'n bydrae van R5 000 eenmalig, of in 25 paaiemente van R200 elk sou gee. Later is 'n R100-kategorie ook ingesluit en Johan vertel tong-in-die-kies dat indien iemand traag was om R100 te skenk, hy sou sê dat die Universiteit vir alle graduandi wat nie R100 kan bekostig nie, indiensopleiding in finansiële bestuur kon verskaf.

In Desember 1996 is die Kovsie-Alumni Trust tydens 'n glansfunksie van stapel gestuur met die kontantwaarde van skenkings en maandelikse bydraes wat meer as R600 000 beloop het.

Een van sy kosbaarste herinneringe is 'n ses weke lange toer saam met die eerste Voorsitter van die Trust, Regter Faan Hancke, waartydens hulle letterlik die land deurkruis het om lede te werf.

Johan vertel: "Regter Hancke het die praatwerk gedoen – mens kan sê die bal in die skrum gewen – en ek moes gaan 'score'. Dit was 'n onvergeetlike reis en elke aand moes ons 'n vars span aandurf, maar ons Kovsies is mos harde manne!"

Een-en-twintig jaar later glo Johan dat die Trust steeds bestaansreg het – nou meer as ooit. Hy glo dat die Trust 'n monument vir oud-Kovsies se nageslag kan wees.

Johan het in Junie 2001 sy Trust-das opgehang om in Hartenbos af te tree. Hy is egter nie vir stilsit gemaak nie, en het sommer kort na sy aankoms die Kwagga Trust vir sy ou skool, Outeniqua Hoërskool begin, waar hy vir nog 15 jaar gholfdae, wynveilings, reünies en nog meer gereël het.

Op 75 glo Johan hy is reg om nou finaal 'n rustiger lewe te begin lei saam met sy vrou en vier dogters, wat letterlik in die uithoeke van die wêreld woon.

"Ek moet van hierdie geleentheid gebruik maak om dankie te sê vir elke Voorsitter, Trustee, donateur en die admin-mense wat altyd die wiele aan die rol gehou het. Daar is eintlik te veel mense om te noem. Al wat ek kan sê is wat 'n wonderlike 21 jaar – aan God al die eer!"

# 21 YEARS OF SERVING THE UFS

The Kovsie Alumni Trust celebrated 21 years of service in September this year. The Trust was founded in 1996 to enable students with strong academic potential to pursue tertiary studies at the University of the Free State (UFS).

Today, the Kovsie Alumni Trust still enables deserving Kovsie students to realise their academic, cultural and sports goals. A tertiary education is an opportunity that should be pursued at all costs. A lack of funds should never be an obstacle in the way towards getting a graduate degree.

Over the years, the Trust has helped thousands of gifted students, who otherwise would never have had the chance to study at university or to realise their dream of a tertiary education.

Since 1998, more than R12 million in Trust funds was given to students in the form of bursaries. The Trust also donated R493 100 to deserving projects and since 2007 has given R800 600 to sponsor the prestigious Matriculant of the Year competition.

Judge Faan Hancke was the first chairperson and a founding member of the Trust. He played a huge role in introducing the Trust to Kovsie Alumni across South Africa and even as far afield as Namibia and London.

He was subsequently followed as Chair by a number of dynamic individuals who guided the Trust to grow and prosper. Today, the Trust continues to serve the UFS, its students and its community, thanks to the continuous and loyal support of Kovsie alumni.

| KOVSIE ALUMNI TRUST CHAIRPERSONS SINCE 1996 | | |
|---|---|---|
| YEAR | CHAIR | DEPUTY-CHAIR |
| 1996-2001 | Judge Faan Hancke | |
| 2002-2004 | Prof Nico du Plessis | Dr Kobus Laubscher |
| 2005-2008 | Mrs Frances Hoexter | Adv Mauritz Randlehoff |
| 2009-2011 | Adv Seef Hefer | Mr Anton Botha |
| 2012-2014 | Mr Anton Botha | Mr Ryno Opperman |
| 2015-present | Mr Rian Moolman | Mr Adrie Hechter |

# *Kovsie Alumni Trust*

On Saturday, 2 September 2017 the Kovsie Alumni Trust celebrated 21 years of existence with a prestigious function at the Naval Hill Planetarium. Guests included former and current Chairpersons, vice-Chairpersons, trustees and donors as well as friends and dignitaries of the UFS.

Kovsie legend Willem Theron (or Blouwillem as he is better known!) acted as programme director and entertained everyone with his wit. The Jazz band trio welcomed guests with their music and Take Note completed the musical side of the evening with a few songs to impress the guests.

An important purpose of the function was acknowledging those who worked hard to build the Trust into what it is today - a cornerstone of the University's advancement programme. Judge Faan Hancke, the first Chairperson and a main force behind the establishment of the KAT, gave tribute to Jerry Brynard and Harold Verster who suggested the idea of the trust. He shared stories of some fundraising trips across the country and Namibia with Johan Botha (first marketer of the Trust) to the enjoyment of all present. Guests raised a glass to Johan Botha, Willem Theron (current marketer of the Trust) and the late Prof. Nico du Plessis (former Chairperson and co-founder of the Trust).

Rian Moolman, the current chairperson of the trust, acknowledged his predecessors for the good work they had done. He quoted from Rusty Rustenbach: "If I pursue success, my joy is the result of my success; if I pursue significance, my joy is the result of others' success". For him the Trust has bridged this gap between success and significance.

The Trust has contributed towards more than 4000 students' educational and other needs by donating more than R20 million towards the university as its beneficiary since its launch 21 years ago.

Me Annamia van den Heever, the director for Institutional Advancement, delivered a message from the University and re-iterated the KAT's contribution towards the University's Alumni involvement to its fundraising efforts, the best in the country.

*(continue on p.3, 4 and 5)*



# *celebration function*


Welcome at | Welkom by
Kovsie Alumni Trust
21
Celebration | Vieringe










UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT












UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT










YUNIVESITHI YA FREISTATA


UNIVERSITY OF THE FREE STATE





YUNIVESITHI YA FREISTATA

YUNIVESITHI YA FREISTATA


UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA




YUNIVESITHI YA FREISTATA


UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT



UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT





# Kovsie Alumni Trust stel bekend

*Alzena Brink*

Alzena is sedert 1 April 2017 in 'n deeltydse pos by die Kovsie-Alumni Trust (KAT) as administratiewe beampte aangestel. Haar rol by die Trust behels hoofsaaklik dat sy administratiewe take verrig en as 'n skakel tussen donateurs, trustees en die Universiteit dien.

Alzena is 'n gebore Bloemfonteiner en het aan die Hoër Meisieskool Oranje gematrikuleer. As eerste swart prefek op die leerlingraad en tweede prinses in die Mej Oranje-skoonheidskompetisie het sy reeds op skool nuwe uitdagings vierkantig in die oë gestaar en oorwin.

Vir die nuwe uitdagings van die KAT is sy vuur en vlam.

"Ek sien ongelooflik daarna uit om deel te wees van die groter prentjie van die Trust," sê sy. "Hier word wonderlike werk gedoen, en ek sien uit om ook my rol hier te kan speel. Natuurlik sal dit my ook 'n geleentheid gee om persoonlik en professioneel te groei."

Weens haar pa se afsterwe kort nadat sy gematrikuleer het, moes Alzena dadelik begin werk. Sy het later 'n sertifikaat en gevorderde sertifikaat in Arbeidsreg aan die UV voltooi. Sy het haar studies voortgesit en is tans 'n finalejaar BA-student in Bemarking en Korporatiewe Kommunikasie.

Haar studierigting pas perfek by haar persoonlikheid en sy beskryf haarself absoluut as 'n mense-mens. "Daar is niks wat my meer gelukkig maak as om mense te help en funksies te reël nie. Dit sal ook 'n wesenlike gedeelte van my werk behels en maak my baie opgewonde."

Alzena het voorheen by die Gesondheid- en Welstandsentrum op kampus gewerk en is dus goed met die administratiewe kant van die Universiteit bekend. Dit is egter eers toe sy by die KAT begin werk het, dat sy besef het watter verskil die Trust in studente en die UV-gemeenskap se lewens maak en dít dra ook by tot haar werksbevrediging.

Vir stilsit is daar nie tyd nie. Alzena is soggens by die Trust betrokke, en werk smiddae as kontrakteur by haar familie se besigheid. Tussendeur is sy student en ook ma van 'n tweejarige dogtertjie, Madison.

"Die bietjie vrye tyd wat ek het, spandeer ek saam met my dogtertjie en dan doen ons dinge wat haar gelukkig maak. Sy maak alles wat ek doen die moeite werd en dis uiteindelik ook vir haar wat ek alles doen!"

Skakel Alzena soggens vir enige Kovsie Alumni Trust-aangeleenthede by (051) 401 2043, of stuur gerus 'n e-pos na brinkat@ufs.ac.za.